Die Voortrekkers

Transvaal
Omsendbrief
Maart 2019

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

15 Maart 2019

Beste voortrekkervriende,

Die Maart 2019 skoolvakansie wink en dis ongelooflik om te dink dat die eerste skooltermyn verby is. Gelukkig kan Transvaal Voortrekkers uitsien na ‘n kort en besige skoolvakansie met heerlike gebiedskampe wat om die draai is. Waar kamp jy gedurende hierdie skoolvakansie, is dit by die gewilde PD kampe soos, SPDW, NPD, Jakaranda of Hoëveld of as Verkenners by Rhuskeeti Avontuurkamp, Lunsklip of Thaba. Dit maak nie saak waar nie, solank jy elke oomblik daarvan geniet …

Onthou om die gebiedsdagbestuurslede hartlik te verwelkom as hulle by jou kamp ‘n draai maak …

1. Transvaal Pastorale Raadgewer

Willem Boshoff

Bou met `n plan

Die Gebied se leuse is: “Ons bou saam ons droom”.

Die sinkplaatpad van die eerste paar weke van die nuwe Voortrekkerjaar is verby – en amper die eerste kwartaal ook! `n Mens kan amper nie dink dat ons al so ver gevorder het dat die Maart/April gebiedskampe se inskrywings al gesluit het nie. Die kombuisspanne begin al aankope doen en spyskaarte is lankal beplan. Elke kursus se vereistes is weer deurgelees en aanbieders en Kamprade skarrel rond om alles in orde te kry, want wanneer die kamp begin, moet almal gereed wees. Dan moet ons werk volgens plan.

In die Voortrekkers is ons baie bevoorreg om elke dag met die jeug te werk. Ons beleef hulle vrese en vreugdes, hulle vordering en vertragings. En in die proses speel elke offisier `n rol in die bouwerk wat onophoudelik plaasvind. Ons sê dikwels vir mekaar die Gebiedskampe is hoogtepunte en soms selfs die bemarkingsterkpunte van die Voortrekkers, maar ons spanne is waar die Voortrekkers hulle diepste invloed uitoefen op jong mense se lewens.

Ons spanne is waar ons steen vir steen, ervaring vir ervaring, bou aan die droomgebou vir elke kind. Elkeen se lewe en toekoms kan met bouwerk vergelyk word en as Voortrekkers moet ons weet dat ons help bou aan ander mense se droomgeboue. Ons is behoorlik konstruksiewerkers. Ons kan nie bekostig om fokus te verloor nie. Ons moet by die plan bly, terwyl ons in ag neem dat elkeen se droomgebou verskillend van al die ander s’n gaan lyk.

Daar is egter iets wat almal gemeen het. Dit is die feit dat ons op `n fondasie moet bou. Dit is een van die boubeelde wat Jesus gebruik wanneer Hy sy volgelinge onderrig. In Matteus 7 praat hy oor `n wyse bouer en `n dwase bouer. Hy vergelyk hulle met die mense wat sy woorde hoor en daarop ag slaan of nie daarna luister nie. Die wyse bouer begin sy bouplan met sy fondasie op die rots. Sy bouwerk staan stewig en weerstaan die elemente wat dit toets. Die dwaas is haastig en bou sommer op die sand, maar sy bouwerk kan nie hou nie. As die storm kom en die wind waai, stort sy bouwerk in duie.

Ons kan nie bekostig, waar ons met mense werk, om sonder `n plan en `n goeie fondasie te werk nie. Dit begin alles by ons afhanklikheid van die Here en ons gehoorsaamheid aan sy woord. Daar is baie geleenthede vir luiheid en kortpaaie, maar in bouwerk deug dit nie.

As medebouers aan ons Voortrekkerjeuglede en mekaar se lewens, doen ons goed as ons op die fondament van God se Woord bou en by die plan hou. So `n gebou sal hou en op die lange duur sal die werk ons elkeen en die Voortrekkers, maar die belangrikste, ook God se koninkryk, tot eer strek – omdat dit op stewige fondamente staan.

2. Gebiedsleier
(Sirkel – Skakel)

Die eerste kwartaal is op sy rug en nou word daar gefokus op die eerskomende gebiedskampe. Elke voortrekkergeleentheid is vol pret en avontuur.

Ons vertrou dat ook die eerskomende gebiedskampe sal bou aan elke kamper, mag elkeen op heerlike pret maniere nuwe vaardighede aanleer, kennis uitbrei en toegerus word vir hul lewenspad!

Onthou om voortdurend stil te staan en die fondamente en bouwerk te meet aan -

Dink – aan dit wat jy met jou span, kommando, kamp ens wil bereik;
Reik uit – na die mense rondom jou;
Onthou – die lesse geleer uit die verlede;
Ontgin – nuwe vaardighede, kennis en avontuurlike aktiwiteite;
Motiveer – mekaar om moue op te rol en oor te gaan tot aksie.

Reis veilig en geniet elke voortrekker-avontuur.

3. Administrasie
(Stadige verkeer)

3.1 Bedanking van lede / Deregistrasie

Om beter kontroles en beheer tussen lidregistrasies en ledegeld betalings te bewerkstellig is daar besluit dat alle lidmaatskap bedankings/deregistrasie deur die Gebiedskantoor hanteer moet word met ingang 2019. Die proses sal dus insluit dat ‘n bedankingsvorm vir alle lede maandeliks asb gestuur moet word aan die Gebiedskantoor wat daarna dit op SAS sal aanteken en afhandel deur die betrokke lede te skuif na gewese lede. AKL Admin’s moet asb nie self hierdie lede skuif nie, maar gebruik maak van die bedankingsvorm wat op die Transvaal webblad beskikbaar is om hierdie aansoek vir deregistrasie vir die jaar deur te stuur vir afhandeling namens die Kommando. Die vorm word by hierdie kommunikasie aangeheg.

3.2 Lederegistrasies

Baie dankie aan elke AKL Administrasie dagbestuurslid wie gehelp het om hulle kommando’s se lederegistrasies op datum te kry.

Sedert die Hoofbestuur se versoek, wat ook in ons vorige omsendbrief (2 Oktober 2019) gekommunikeer is, het almal fluks gehelp.

Hierdie is egter ‘n netelige kwessie wat nie nuut is nie. In 2018 was daar telkens daarna verwys.

Ek haal weer die versoek wat in vorige skrywes vermeld was
Alle kommando- en-oorddagbesture word versoek om dringend aan die volgende kwessies aandag te gee:

1. ***Lederegistrasies en kontakbesonderhede***
Dit blyk dat lederegistrasies nog nie gefinaliseer is nie. Die getalle op SAS en betalings ontvang verskil drasties van mekaar.

Hoofdagbestuur het versoek dat gebiede redes moes verskaf vir die verskil in getalle en die saak reg stel. Die Hoofdagbestuur benodig die korrekte ledegetalle vir bestuursinligting, wat onder andere die begroting raak.
Dit sal waardeer word as alle kommando's alle lid registrasies en betalings nou kan finaliseer. Die kantoorbestuurder sal ook elke kommnado kontak vir redes waarom dit nog nie gefinaliseer is nie. Hoofdagbestuur het dan ook nou versoek dat elke gebied se AGL Administrasie voortaan die registrasie van lede reeds in Januarie van elke jaar begin. Dit is nie nodig om 'n lid terug te hou totdat sy/haar ledegeld ontvang is nie, m.a.w. hou by die verskillende betaaldatums. Alle lederegistrasie moet asseblief teen einde van Februarie volledig afgehandel wees. Maak asseblief seker dat alle lede se data korrek en volledig is. Dit sluit in kontakbesonderhede soos e-pos adresse, telefoonnommers, mediese besonderhede ens. in.

2. ***SAS inligting***
NK Volwasse sake het tydens die Hoofbestuur vergadering in April 2018 besluit om vanjaar 'n opname onder volwasse sake-lede te doen om te bepaal wat die stand van opleiding onder volwassenes is.
Die volgende inligting word benodig:
Hoeveel nuwe volwassenes het vanjaar 'n kursus/opleiding gedoen?
Hoeveel volwassenes doen oor die algemeen kursusse?
Watter kursusse doen volwassenes?

Die Voortrekker volwasselede se inligting op SAS is egter nie volledig en korrek nie.
Die volgende inligting moet asseblief gekontroleer word:
1) Dat alle Volwasse lede e-posadresse het
2) Dat alle volwasse lede se geboortedatums korrek is.
3) Dat alle kursusse gedoen; ingevul word. Indien daar onsekerheid is oor die jaar waarin die kursus gedoen is, moet 'n geskatte jaar ingevul word.

3.3 SAS

Kommando en oorddagbesture word versoek om seker te maak dat alle lede se korrekte inligting op SAS opgedateer is. Die korrekte inligting aangaande betaling en toegangsregte word vereis deur die ouditeure wanneer finansiële oudit van ons voortrekker gelde gedoen word.

Ons is tans besig om alle kommando's se SAS inligting te kontroleer. Daar is kommando's genader om te help met hierdie proses in hulle eie kommando's.

Alle organiseerders van GGA, GGN en gebiedskampe moet asseblief toesien dat alle inligting (inskrywings en bywonings) van spesialisies korrek op SAS gelaai word. Daarna moet 'n naamlys na die gebiedskantoor gestuur word vir goedkeuring van die spesialisasies.

3.4 Kommandojaarverslae

Baie dankie vir die jaarlikse kommandojaarverslae wat reeds ingedien is. Daar is nog enkele kommandojaarverslae wat ingehandig moet word. Daar is kommando's wat de verkeerde skale gebruik het en dus is jou verslag nie ontvang nie. Die kommandojaarverslag is op die Transvaal webblad se landingsblad en is maklik om te voltooi. Help my om asb die verslae in te vorder.

Die korrekte skakel vir die kommandojaarverslag op Transvaal webblad is:
https://transvaal.voortrekkers.co.za/kommandojaarverslag

Maak asb seker dat jy die volgende inligting het, alvorens jy begin om die vorm te voltooi:

1. Algemene kommando inligting

AKL Admin. of gemagtigde persoon wie die vorm voltooi, se naam en e-pos adres;

a) Maak keuse rondom die **Gebied; Oord** en **Kommando**
b) **Adres van Kommando** (Vul in, straatadres)
c) **Kommandodagbestuur** - Die naam en van asook die kontakbesonderhede(selfoon nommer / landlyn en e-pos adres van ten minste die KL, AKL Admin en AKL Finansies.
d) **Dagbestuursvergaderings** - Dui die datum, plek, % Bywoning en notule nommers aan.
e) **Bestuursvergaderings** - Dui die datum, plek, % Bywoning en notule nommers aan.
f) **Ander Vergaderings** - Dui die datum van die Algemene Jaarvergadering aan. Noem ander vergaderings gehou buite Voortrekker verband (bv. met skool om jaarprogram te bespreek) Gee datum, met wie vergader en kort beskrywing.

2. Funksionering

a) **Kommando-Aktiwiteite** - Noem 3-5 Hoogtepunte/suksesse van die jaar se aktiwiteite in prioriteitsorde. (Datum; Plek; % Bywoning en kort beskrywing van aktiwiteit)
b) **Gebieds- en Oord Aktiwiteite Deelgeneem/Ondersteun** – Noem tot hoogstens 10 aktiwiteite (Datum; Plek; Kort beskrywing en aantal mense bygewoon).
c) **Aktiwiteite in die Gemeenskap** – Noem tot hoogstens oor 3 aktiwiteite (Datum; Plek; Kort Beskrywing; Opkoms (Kan verbeter/Goed/Bo Verwagting Goed))
d) **Probleme/Struikelblokke** – Noem probleme/struikelblokke waarvan die volgende bestuursvlak moet kennis neem.

3. Finansies

Bankrekeninge se besonderhede bv. bankrekening naam en nommer.
Jy kan elke voltooide bladsy van die kommandojaarverslag stoor as ‘n PDF dokument of ‘n skermskoot van elke bladsy neem. Stoor of berg dit in ‘n elektroniese vouer alvorens jy voortgaan na die volgende bladsy. Nadat jy die voltooide kommandojaarverslag aangestuur het sal jy (AKL Asmin), AGL Admin en die oordleier bevestiging ontvang. Kontak my gerus met enige navrae.

3.5 Oordjaarverslae

Dankie vir die oordjaarverslae wat reeds ontvang is. Die Oordjaarverslag is beskikbaar op die Nasionale webblad en wel by Dokumente/Vorms/Gebiede.

3.6 Die Transvaal webblad

Besoek die Transvaal webblad: https://transvaal.voortrekkers.co.za vir die nuutste nuus.

Alle GGA / GGN en Gebiedskamp inligting word op drie (3) plekke gestoor naamlik onder Dokumente, Kennisgewings en Gebeurtenisse

1. **Dokumente:** Alle GGA / GGN / gebiedskampe se inligting (datum, naam en spesialisasies) word gestoor onder Dokumente en in die vouer gebiedsgoedgekeurde aktiwiteite.

2. **Kennisgewings:** Op ons tuisbladsy is die nuutste kennisgewings van elke GGA / GGN / Gebiedskamp waarin onder andere die kampbrief en inskrywingsvorm is. Kliek op die blouskrif vir die genoemde dokumentasie.

3. **Gebeurtenisse:** Die maandelikse kalender van elke GGA / GGN / Gebiedskamp vertoon in gebeurtenisse. Hier sien jy weereens die inhoud van elke aktiwiteit se kampbrief.

Soek jy ‘n GGA / GGN of ‘n gebiedskamp se besonderhede?

Gebruik die soek enjin op die maandelikse gebeurtenis kalender (Dis links bo op die kalender) vir volledige inligting of loer in die GGA / GGN en Gebiedskampe vouer vir ‘n kort opsomming.

Het jy geweet dat al die inligting vanaf ons Transvaal webblad en Transvaal Facebookbladsy direk na jou eie kommando en/of oord se FB (groep/bladsy), Whatsapp (individu/groep), telegram, Pinterest en / of twitter rekenings gedeel kan word? Sien die ikone onder aan elke kennisgewing op Transvaal Voortrekkers se webbladsy.

Alle GGA/GGN en gebiedskampe se besonderhede sal op die Transvaal Voortrekkers se webblad geplaas word na ontvang van ‘n foto wat die aktiwiteit die beste beskryf en die voltooiing en instuur van die Inligtingsvorm.

3.7 Administrasie en SAS werkswinkel 2019

Die opleidingsdatums vir 2019 as volg:

a) 11 Mei 2019
b) 16 November 2019

Kontak my gerus met enige behoefte vir Administrasie en SAS opleiding.

4. Finansies en Terreine

(Terreine & Fondse)

Finansies

4.1 Ledegeld 2019

a) Ledegeld model

Slegs weer ‘n herinnering aan die ledegeld model vir 2019 soos goedgekeur deur Hoofbestuur in September 2018.

Ledegelde vir 2019	Sluit aan en betaal teen 31 Mei 2019	Sluit aan en betaal van 1 Junie tot en met 30 Junie 2019	Sluit aan en betaal vanaf 1 Julie tot en met 31 Oktober 2019
Jeuglede	R435.00 voortsetting R435.00 nuwe lid	R535.00 voortsetting R435.00 nuwe lid	R535.00 voortsetting R220.00 nuwe lid
Staatmakers	R200.00 voortsetting R200.00 nuwe lid	R300.00 voortsetting R200.00 nuwe lid	
Offisiere	R435.00 voortsetting R435.00 nuwe lid	R535.00 voortsetting R435.00 nuwe lid	R535.00 voortsetting R220.00 nuwe lid
Heemraadslede	R220.00 voortsetting R220.00 nuwe lid	R320.00 voortsetting R220.00 nuwe lid	

Let wel: Voortsetting is indien persoon die vorige jaar ‘n Voortrekker was, ongeag sy/haar tipe lidmaatskap dan.

Verdere riglyne wat toegepas moet word deur Kommando’s:

a) Volle registrasiegelde moet betaal wees om in te skryf vir Voorslag en Presidentsverkennerproses, of om genomineer en verkies te word tot jeugraad of enige bestuursliggaam.

b) Indien persone aansluit vanaf 1 Julie gebeur dit met dien verstande dat getroue diens kentekens na oordeel van die Kommandobestuur toegeken word in ag geneem dat graadwielwerk afgehandel moet word en bywoning persentasie in ag geneem word sowel as erkenning vir spesialisasies verwerf.

b) Lidmaatskap subsidie aansoeke

Die voorgeskrewe subsidie aansoekvorm vir Transvaal gedeelte van subsidies is beskikbaar op die webblad. Neem asb kennis dat ons slegs subsidies kan toestaan vir Transvaal se gedeelte en moet daar apart aansoek gedoen word by Hoofkantoor indien die Hoofbestuur gedeelte ook as subsidie verlang word. Stel ons in kennis as die Kommando wel subsidie goedkeuring ontvang het vanaf Hoofkantoor aangesien ons die Kommando gaan faktureer vir die Hoofbestuur gedeelte wat ons moet oorbetaal indien ons nie bewus is van die goedkeuring toegestaan deur Hoofbestuur nie. Subsidie aansoeke vir 2019 moet asb so gou moontlik maar nie later as 30 April 2019 deurgestuur word vir voorbereiding en goedkeuringsproses wat moet plaasvind.

c) Lidmaatskap korting van R100 vir lede met 5 jaar aaneenlopende diens

Daar is weereens fondse beskikbaar vir offisiere wat vyf (5) jaar en langer aaneenlopende diens het in Die Voortrekkers. Die korting sal wel Staatmakers uitsluit aangesien hulle ledegeld reeds drasties verlaag het vir die 2019 jaar.

Die vereistes om in aanmerking te kom vir hierdie korting is as volg:

- Die offisier moet vyf (5) jaar aaneenlopende diens verwerf het teen Desember 2018 en dus opbetaald wees teen Desember 2018 ten opsigte van ledegeld vir die voorafgaande jare.
- Die offisier mag slegs in die vyf (5) aaneenlopende diensjare geregistreer gewees het as Staatmakers en/of Offisiere. As die lid vir ‘n jaar of meer geregistreer was as ‘n Heemraadslid en/of Jeugvriend, kan hy/sy ongelukkig nie in aanmerking kom vir die korting nie. Die lid mag ook nie in die tydperk as jeuglid geregistreer gewees het nie.
- Die 5 jaar aaneenlopende diens is vanaf 2019 slegs van toepassing op ‘n lid wat registreer as ‘n Offisier.
- Die R100.00 korting is SLEGS van toepassing vir ledegelde wat reeds in Transvaal se bankrekening (Standard Bank rekening) verskyn teen 31 Mei 2019. Indien die betaling eers verskyn in ons bankrekening na 31 Mei 2019 kan ons ongelukkig nie meer die korting toestaan nie aangesien dit dan ‘n laat registrasie verteenwoordig en ledegeld beloop dan R535.00.

d) Lidmaatskap betalings

Baie dankie aan die Kommando’s wat reeds begin het om hulle ledegelde oor te betaal vanaf Februarie 2019.

Aangesien Die Voortrekkers Transvaal maandeliks vanaf Februarie lidmaatskapfondse oorbetaal aan Hoofbestuur vir lede waarvoor ons gelde ontvang, doen ons ‘n beroep op alle Kommando’s om asb ledegelde oor te betaal soos ontvang vanaf die lede.

Let daarop dat daar hierdie jaar streng volgens die reëls opgetree gaan word aangaande laat oorbetalings na 31 Mei 2019.

Lidmaatskapsgelde wat ontvang word in ons bankrekening (Standard Bank) na 31 Mei 2019 sal die verhoging in ledegeld moet betaal soos aangedui in die ledegeld model hierbo. Kommando's moet dus asb seker maak dat hulle in ag neem dat daar gewoonlik 'n dag of meer verloop tussen hulle oorbetaling en wanneer dit ons bankrekening bereik.

Daar moet ook asb verder in ag geneem word dat alle registrasies en oorbetalings nie gelos moet word tot die laaste week van Mei nie, aangesien die Gebiedsjaarprogram duidelik aandui dat Kommando's ledegelde moet oorbetaal op 'n maandelikse basis. Geen uitsonderings kan hierdie jaar toegelaat word nie aangesien die administratiewe werk verbonde aan laat betalings 'n koste faktor tot gevolg het wat nie voor begroot is nie.

4.2 Terreine

a) De Bank:
Klapperkop Kommando het 'n skenking van plastiese stoele gedoen aan De Bank en ons is opreg dankbaar vir hierdie gebaar!

b) Hartbeesfontein:
Daar is nogsteeds 'n water skaarste op die terrein ten spyte van goeie reën wat in Johannesburg en Pretoria omgewing geval het. Die beperking op waterspeletjies sal dus van krag bly tot verdere kennisgewing en is daar ook formele skrywes wat vir almal gegee word om water spaarsamig te gebruik op die terrein.

c) Kommune te Francis Baard straat:
Dit is met blydskap en dankbaarheid dat ons kan rapporteer dat 21 van die 22 kamers beskikbaar in die Kommune uitverhuur is vir 2019. Ons is baie dankbaar vir die goeie okkupasie en sal poog om hierdie te handhaaf sover moontlik deur goeie diens te verskaf aan ons huurders.

5. Penkop en drawwertjie sake
(Leer speel-speel)

Baie welkom aan elke PD offisier en hulle spanne of jy 'n "ou" of nuwe offisier is, weet ons dat julle harte by die kinders is en is ons dankbaar vir elke oomblik wat julle afstaan vir hulle.

5.1 Gebiedskampe

Baie sterkte aan al die gebiedskampe wat die komende skoolvakansie plaasvind – weet dat julle beplanning klaar is en die kinders dit net kan kom geniet. Dankie vir elke Kampleier en Kampraad wat al die voorbereiding hiervoor gedoen het.

5.2 GGA/GGN

- Vir julle beplanning is die nuwe inligting van die GGA/GGN op die Transvaal webblad gelaai. Dit is hier waar Spesialisasies vir die jeuglid interessant en spesiaal aangebied kan kry.
- Terugvoer van die **offisiere** en **ouers** wat dié dae bywoon gaan slegs elektronies plaasvind. Byvoorbaat dankie aan elkeen vir julle samewerking. Dit bring egter mee dat ons nie die gewensde aantal terugvoere ontvang nie, en vra ons dat julle volwassenes sal aanmoedig om terugvoering te gee. Dit maak die taakspan se werk baie ligter en terugvoere kan vinniger aan die organiseerders gegee word.
- Die PD komitee het die verantwoordelikheid van die offisier/ouer bespreek en hiermee kortliks:

  a) Die woord **"meeloper"** moet eerder vervang word deur **offisier en/of ouer** wat die geleentheid bywoon.

  b) Die offisier is daar om te help waar hulle kan en die Kursusleier of Aanbieder van die spesialisasie sal hulle vooraf laat weet hoe hulle kan help, indien nodig, anders is hulle in elk geval daar saam met die span en om te kyk na samewerking en algehele dissipline van die groep.

  c) Die ouer wat saam met span gaan moet ook ingelig wees dat hulle moet help met die toesig oor die span.

  d) Die taakgroep is op soek na 'n nuwe woord of nuut skepping wat hierdie rol kan omskryf. Stuur asb. voorstelle aan my.

5.3 Voorslag (Graad 7)

Dankie vir die offisiere wat die Februarie 2019 opleidings geleentheid bygewoon het en hoop julle het so baie nuttige wenke en inligting gekry dat die res van die voorbereiding net met opwinding gaan plaasvind.

Die kampdatum: 6 – 8 September 2019 te Hartbeesfontein.

Die nuwe prospektus en woorde van die liedjies is beskikbaar op die Hou Koers webblad onder PD Sake.

Enige navrae oor die kamp of voorbereiding kan gerus aan die gebiedskantoor gestuur word en sal ons julle bystaan en ondersteun waar ons kan.

5.4 Werkboeke

Die nuutste inligting is beskikbaar op die Hou Koers blad:

- Offisiere moet asb seker maak dat hulle die November 2017 weergawes van die Werkboeke vir Penkoppe en Drawwertjies gebruik.
- Die nuwe graad ses offisiere handleiding is ook beskikbaar – Januarie 2019 uitgawe.

5.5 Penkop en Drawwertjie inligting

Enige navrae rakende PD-sake moet asb gerig word aan transvaal@voortrekkers.org.za die kantoor sal die navrae na die korrekte persone kanaliseer.

6. Staatmakers
(Apart maar Saam)

6.1 Ondersoek na Staatmakersake

'n Taakspan is saamgestel en na afloop van hul eerste vergadering is die volgende fokuspunte saamgestel:

A) Identiteit

B) Ontwikkeling

C) Funksionering

D) Beperkings

Daar is begin met die ondersoek na fokusarea A (identiteit). Dit behels die definiëring van Staatmakeridentiteit asook die wedersydse verwagtinge tussen staatmakers en Die Voortrekkers. Die insette van staatmakers en ander belanghebbendes sal nou ingewin word deur middel van vraelyste vir verdere oorweging deur die taakspan.

Beraamde tydlyn vir ondersoek:	
12 Februarie 2019	Tydens die vergadering van 12 Februarie is staatmakerontwikkeling bespreek. Dit sluit hoofsaaklik dienslewering, mentorskap, opleiding en leierskapsontwikkeling in. Daar is ook gekyk na die moontlike daarstel van minimum vereistes in elkeen van hierdie areas.
Maart 2019	Samevatting van fokuspunt B (Ontwikkeling) Bespreking van fokuspunt C (Funksionering)
April 2019	Finalisering van vraelys Verkryging van kontakbesonderhede
Mei 2019	Voltooiing van vraelys deur betrokke partye.
Junie 2019	Verwerking en vergelyking van data met vorige besprekings van taakspan Aanpassing van vorige besprekings waar nodig.
Julie 2019	Opstel van finale verslag en uitkomste, insluitend potensiële risiko's Bepaling van verdere aksies sou verslag en uitkomste goedgekeur word.
Augustus 2019	Afronding, bespreking en eerste verspreiding van verslag
24 Augustus 2019	Voorlê en aanbied van verslag

Geniet julle vakansie tot ons weer gesels.

Voortrekkergroete

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 – zandra@voortrekkers.org.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 – elsies1@afrihost.co.za / admin@voortrekkers.org.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 – anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Riaan du Preez – AGL Bemarking (076 412 8811 - riaandupreez360@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 – anine.wheeler@sabs.co.za)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 –jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 –Dirk@helpendehand.co.za)